

# VOORBIDDING

**VERRAS DEUR DIE TUINIER**
**WEEK 6**

*DIE JAAR WORD RYP IN GOUE AKKERBLARE,*
*IN WINGERD WAT VERBRUIN, EN WITTER LUG*
*WAT DAGLANK VAN DIE NUWE WIND EN KLARE*
*SON DEURSPOEL WORD; ELKE BLOM WORD VRUG,*
*TOT SELFS DIE TRAAGSTES; EN DIE EERSTE BLARE VAL*
*SO STILWEG IN DIE ROOKVAAL BOS EN LAAN,*
*DAT DIE TAKKE VAN DIE LANG POPULIERE AL*
*TEEN ELKE LIGTE MÔRE WITTER STAAN.*
*O HEER, LAAT HIERDIE DAE HEILIG WORD:*
*LAAT ALLES VAL WAT PRONK EN SIERAAD WAS*
*OF ENKEL JEUG, EN VER WAS VAN DIE PYN;*
*LAAT RYP WORD, HEER, LAAT U WIND WAAI, LAAT STORT*
*MY WAAN, TOT AL DIE HOOGHEID EINDELIK VAS*
*EN NAKEND UIT MY TEERDER JEUG VERSKYN.*

- N*P VAN WYK LOUW*



---

Jy word hartlik uitgenooi om saam met ons stil te word in die Here se teenwoordigheid.
In die halfuur voor die Omgeegroepe begin, is die Kapel oop vir gebed.
Kom rus ’n oomblik, luister na God se stem, bid saam vir die reeks en vir ons gemeente.
Almal is welkom.

TORINGKERK

**VORM & VOLG**

**REEKS: VERRAS DEUR DIE TUINIER**

# DIE TUINIER LOOP SAAM MET ONS

**8 MAART 2026 | WEEK 6 | JOH.1:14; JER.17:5-9**

## 1. KUIER

Maak lekker koffie of tee en gee elkeen die geleentheid om te sê hoe hulle week was. Gee kans dat elkeen hulle hoogtepunte, laagtepunte en ook Godstories van die week deel. Deel ook hoe jy verder gereflekteer het op laasweek se gedagte - dat hoop tog kan blom na verlies en dat wag deel is van hierdie proses?

## 2. WORD STIL

Steek 'n kers aan. Luister saam na die lied, Deer's cry or St Patricks breastplate:

https://www.youtube.com/watch?v=nlYwnLj2Tcc

## 3. WANDEL IN DIE WOORD

Lees Joh.1:14 (verkieslik Message weergawe) Joh.14:23 en Jer.17:5-9 saam deur.

Gee 30 sekondes van stilte, voor 'n tweede leser die teks hardop lees.

Let op wat vir jou uitstaan wanneer hierdie teks hardop gelees word:

- 'n Woord
- 'n Frase
- 'n Gedagte
- 'n Vraag
- 'n Onsekerheid
- Dalk neem hierdie teks jou gedagtes na iets in jou eie lewe

## 4. GESELS

Draai nou twee-twee na mekaar en deel vir die ander een wat jy vandag gehoor het in die teks. (Gee genoeg tyd dat beide mense met mekaar kan deel)
Draai nou terug in die groot groep. Gee geleentheid dat elkeen kortliks kan deel wat hulle by die persoon langs hulle gehoor het.

Bespreek die volgende saam in die groep:

- As jy vir jou kind/kleinkind moet verduidelik wat dit beteken dat God in jou teenwoordig is, hoe sal jy dit doen?
- Dink aan die Godheid as die Tuinier en my lewe as Sy geliefde tuin: Vader as die graaf, Jesus as snoeiskêr en Gees as gieter. Hoe beleef jy dit in jou lewe?
- Dink daaraan dat die Godheid jou ook nooi om saam met hulle uit te kyk vir mense. Ons daag dan op en weet in my hart is 'n Graaf, 'n Snoeiskêr en 'n Gieter; hoe help dit jou om te dink dat jy saam met die Tuinier werk?
- Verras deur die Tuinier - was daar verrassings in die reeks vir jou?

## 5. DOEN

Hierdie week se simbole is lig en water.
Dink bietjie na oor hoe plante lig en water nodig het en hoe die Here ook hierdie dinge aan ons voorsien.


Dink in terme van jou eie lewe. Dalk kan jy mediteer en joernaal oor hierdie gedagte.

## NOTAS

## 6. GEBED

Waarvoor het jy gebed nodig vandag? Is daar dalk iets wat jy met die groep wil deel waaroor hulle vir jou kan bid? Bid vir mekaar. Sluit dan af met gebed in die groter groep. Julle is welkom om die volgende gedig te gebruik as afsluitingsgebed.

Here God,
Hier is ek voor U,
met 'n dankbare hart,
soos Petrus, wat die ware suiker van geloof verstaan.
Gee my, Here,
nie goud of silwer nie,
maar die skat van U genade,
Jesus Christus, my Verlosser.
Neem my lewe in U hande, o Heer,
bring my nader aan U meer en meer.
Help my om alles op te gee,
en net U doel na te jaag.
Skenk my die vreugde van diens,
soos Frances,
dat ek met blydskap kan gee
en my geloof kan leef.
Amen.



## GEDAGTES